**Maandag 13 November**
**Skrifgedeelte: Matteus 10:1-16**
**Fokusgedeelte: Matteus 10:1a**
**Jesus stuur ons om te getuig en leer ons ook hoe om dit te doen**

In Matteus 10 lees ons hoe Jesus sy dissipels, die eerste sendelinge, uitstuur om die evangelie te verkondig aan ’n wêreld onder God se oordeel. Jesus se dissipels moes sommer vroeg-vroeg leer dat daar werk op hulle wag – hulle moes vissers van mense wees. Die beginsel is eenvoudig: dissipels maak nuwe dissipels.

Dit is steeds vandag hoe God sy kerk laat groei. Maar so baie keer word die vraag gevra: “Dominee, hoe kan ek die evangelie aan ongelowiges verkondig? Ek het dan geen opleiding nie.” Hier leer ons n paar basiese beginsels wat Jesus aan sy dissipels geleer het, maar wat deur die eeue nog net so goed werk:

- Jesus leer sy dissipels om te bid vir die oes wat ingesamel moet word (Matt. 9:38).
- Niks in die lewe mag jou aandag aftrek van jou doel en taak om die evangelie te verkondig nie.
- Daar is net een boodskap, en dit is Jesus Christus.
- Deur liefde aan mense te bewys, sluit God die deur oop dat die koninkryk verkondig kan word.
- Die opdrag is om nie net lukraak te verkondig nie. God se kerk word gebou deur verhoudings. Daarom die opdrag om nie van huis tot huis te gaan nie, maar te bly waar jy ontvang word.
- Bid vir vrede in elke huis. Wanneer Jesus aan sy dissipels verskyn, is sy woorde altyd: “Vrede vir julle.” Dit is omdat Hy die prins van vrede is, en ware vrede net by Hom gevind kan word.
- Verkondig aan dié wat ontvanklik is vir die boodskap. Nie almal is deur God uitverkies nie. Maar die mens wat deur God voorberei is, op hom sal die vrede waarvoor gebid is, bly.

*Sing: Psalm 66-1:1, 7*
*Ds. JD Potgieter (Dreyer) (Meyerspark)*